



Grondwet van die Suid- Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging

<u>Inhoudsopgawe</u>	<u>Bladsy</u>
1. Woordomsrywings	4
2. Naam	6
3. Embleem en Kleure	6
4. Regstatus	6
5. Doelstellings	6
6. Bevoegdhede	7
7. Belasting	8
8. Lidmaatskap	9
8.1 Gewone lede	10
8.2. Senior lede	10
8.3 Lewenslange lede	10
8.4 Erelede	11
8.5 Buitelandse lede	11
8.6 Gesinslede	11
8.7 Junior lede	11
8.8 Jong volwasse lede	12
8.9 Korporatiewe lede	12
8.10 Assosiaatlede	12
9. Toetree- en ledegeld	13
10. Beëindiging van lidmaatskap	13
11. Bestuursliggame	14
12. Bestuursreglemente	15
13. Die Kongres	16

13.1	Samestelling van die Kongres	16
13.2	Vergaderings van die Kongres	16
13.3	Voorsitter van die Kongres	17
13.4	Werksaamhede en bevoegdhede van die Kongres	17
14.	Die Raad	17
14.1	Samestelling van die Raad	17
14.2	Nominasies en verkiesing van die Raad	18
14.3	Verklaring van belange	18
14.4	Ampstermyne van Raadslede	18
14.5	Tussentydse vakatures	19
14.6	Verantwoordelikhede van die Raad	19
14.7	Bevoegdhede van die Raad	20
14.8	Vergaderings van die Raad	20
15.	Bestuur van die Vereniging	20
16.	Die Uitgebreide Raad	21
16.1	Samestelling van die Uitgebreide Raad	21
16.2	Funksies van die Uitgebreide Raad	21
16.3	Vergaderings van die Uitgebreide Raad	21
17.	Streke en Streekkoördineerders	22
17.1	Instelling van Streke	22
17.2	Streekkoördineerder	22
17.3	Funksies van Streekkoördineerder	22
18.	Die Nasionale Takvoorsittersforum	23
18.1	Samestelling van die Nasionale Takvoorsittersforum	23
18.2	Vergaderings van die Nasionale Takvoorsittersforum	23
18.3	Funksies van die Nasionale Takvoorsittersforum	24
19.	Takke en Takbesture	24
19.1	Instelling van takke	24
19.2	Status van takke	25
19.3	Verantwoordelikhede van takke	25
19.4	Funksionering van takke	25
20.	Takbesture	26
21.	Erferisraad	26
21.1	Instelling van die Erferisraad	26

21.2	Samestelling van die Erfenisraad	26
21.3	Taak van die Erfenisraad	26
22.	Die Ererol	26
22.1	Behou van die ererol	26
22.2	Byvoeg van lede op die ererol	26
23.	Finansiële en Administratiewe Bestuur	27
23.1	Verantwoordelikhede van Finansiële en Administratiewe bestuur	27
23.2	Finansiële verslagdoening	27
23.3	Ouditeurs	28
23.4	Tekenmagte	28
23.5	Aankoop, vervreemding en beswaring van bates	28
24.	Erflatings en/of Skenkings	29
24.1	Aanvaarding en weiering van erflatings en/of skenkings	29
24.2	Beskerming en aanwending van erflatings en/of skenkings	29
24.3	Erflatings en/of Skenkings as Bates	29
25.	Dissipline	29
25.1	Dissiplinêre stappe teen lede	29
25.2	Sanksies	30
25.3	Opskorting van lidmaatskap hangende 'n dissiplinêre ondersoek	30
26.	Wysigings aan die Grondwet en ontbinding	30
26.1	Spesiale besluit vir wysigings aan die Grondwet of ontbinding van die Vereniging	30
26.2	Prosedure vir die neem van spesiale besluite	31
26.3	Spesiale besluit vir ontbinding van die Vereniging	31

HOOFSTUK EEN: (WOORDOMSKRYWINGS, NAAM EN STATUS)

1. Woordomsrywings

“**Bedryfsjaar**” is die finansiële jaar van die Vereniging en strek van 1 Julie van elke jaar tot 30 Junie van die volgende jaar.

“**Bestuursreglemente**” behels die Interne Reëls, die Gedragsreëls, die Dissiplinêre Kode, die Takreglement en Beleidsvoorskrifte wat die Raad van tyd tot tyd mag uitgee.

“**Bestuursverslag**” is die verslag wat die Hoof Uitvoerende Beampte jaarliks aan die Kongres lewer en waarin ’n oorsig van die werksaamhede van die afgelope bedryfsjaar gegee word.

“**Boekjaar**” is die rekeningkundige verslagdoeningsjaar van die **Vereniging**, en strek van 1 Julie van elke jaar tot 30 Junie van die volgende jaar.

“**Beroepsjagter**” is ’n persoon wat die voorgeskrewe opleiding wat deur die Vereniging erken word suksesvol voltooi het; voldoen aan die statutêre vereistes; aan wie ’n geldige permit as beroepsjagter in minstens een provinsie in RSA of enige ander land uitgereik is; wat aansoek gedoen het en aan wie die status van beroepsjagter toegeken is en wat hierdie status jaarliks in stand hou deur bewys te lewer van geldige permitte en betaling van ledegeld.

“**Dissiplinêre Prosedure**” Vervat die reëls en prosedures waarvolgens opgetree word teen persone wat die Grondwet, Interne Reëls, Gedragsreëls en Beleidsvoorskrifte van die Vereniging oortree het.

“**Finansiële verslag**” is die verslag van die geouditeerde finansiële state van die Suid Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging wat jaarliks aan die Kongres voorgelê word.

“**Gedragsreëls**” Beskryf die gedrag en optrede soos vervat in die Interne Reëls, soos dit van alle lede van die Vereniging verwag sal word en wat sal dien as die basis vir dissiplinêre optrede.

“**Geldende Wetgewing**” verwys na die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet No. 60 van 2000 soos gewysig van tyd tot tyd) en alle ander toepaslike wetgewing (wette, ordonnansies en regulasies) ten opsigte van vuurwapens, natuurbewaring en jag.

“**Interne Reëls**” verwys na die Interne Reëls en prosedures wat deur die Kongres vasgestel word om uitvoering te gee aan die bepalings van die Grondwet en wat dieselfde regsrag as die Grondwet het.

“**Jaarvergadering**” beteken die gewone vergadering waarvoor die Kongres elke jaar opgeroep word.

“**Lidmaatskappgeld**” is die bedrag wat jaarliks deur lede betaalbaar is om ’n lid van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging te wees.

“Opbetaalde Lid” is ’n lid wie se lidmaatskapsgeld ten volle betaal is en/of ’n lid wat vir een of ander rede vrygestel is van die betaal van lidmaatskapsgeld.

“Persoon” beteken ’n natuurlike persoon.

“Presidensiële Jaarverslag” is die verslag wat die President jaarliks aan die Kongres lewer en waarin die President verslag doen oor die wyse waarop die Raad die missie en doelstellings van die Vereniging en die opdragte van die Kongres geïnterpreteer en uitgevoer het.

“Toegewyde Jagter” is ’n persoon wat die voorgeskrewe opleiding van die Vereniging of die opleiding van ’n ander vereniging wat deur die Vereniging erken word suksesvol voltooi het, aansoek gedoen het en aan wie die status toegeken is, aktief deelneem aan jag- en verwante bedrywighede, en wat ’n opbetaalde lid is van die SA Jagters en Wildbewaringsvereniging en wat jaarliks hierdie status in stand hou deur die nodige aktiwiteite te registreer.

“Toegewyde Lid” is ’n lid wat sy/haar aktiewe deelname aan die aktiwiteite van die SAJWV bewys en wat jaarliks sy/haar ledegeld te betaal.

“Toegewyde Sportskut” is ’n persoon wat die voorgeskrewe opleiding van die Vereniging of die opleiding van ’n ander vereniging wat deur die Vereniging erken word suksesvol voltooi het, aansoek gedoen het en aan wie die status toegeken is, aktief deelneem aan sportskietaktiwiteite, wat ’n opbetaalde lid is van die SA Jagters en Wildbewaringsvereniging en wat jaarliks hierdie status in stand hou deur die nodige aktiwiteite te registreer .

“Toetreefooi” is die bedrag wat eenmalig betaalbaar is wanneer ’n persoon ’n lid van die Vereniging word.

“Verantwoordelike jag” is jag wat aan die volgende norms voldoen:

- die wapen wat die jagter gebruik, moet wettig en geskik wees vir die soort dier wat gejag word;
- die jagmetodes en -tegnieke wat die jagter gebruik, moet wettig en toepaslik wees vir die spesifieke terrein en omstandighede waarin gejag word en vir die soort dier wat gejag word;
- die jagter moet respek hê vir die lewe van die dier en dit so vinnig en effektief as moontlik doodmaak;
- die jagter moet slegs doodmaak wat hy/sy kan benut of wat noodsaaklik mag wees vir bewaring en/of wildbestuur in die algemeen; en
- die jagter moet met sy prooi en met die omgewing waarin hy jag omgaan asof hy/sy die rentmeester daarvan is, dit wil sê asof hy/sy persoonlik verantwoordelik is vir die welsyn en voortbestaan daarvan.

“Vereniging” is die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging, algemeen bekend as SA Jagters.

“Volstrekte meerderheid” beteken minstens vyftig persent (50%) plus een (1) van die stemme van stemgeregtigdes teenwoordig, afgerond na die hoër waarde in die geval van breuke, moet uitgebring word ten gunste van die besluit waarvoor ’n volstrekke meerderheid vereis word.

“Wettige jagtoerusting” verwys na alle toerusting wat vir die verantwoordelike jag van diere gebruik kan word en wat nie deur wetgewing verbied word nie.

2. Naam

Die naam van die Vereniging is die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging.

3. Embleem en Kleure

Die Kongres stel ’n embleem en kleure vir die Vereniging vas.

4. Regstatus

Die Vereniging is ’n regs persoon:

- met sy eie bates en laste;
- wat geheel en al selfstandig van sy lede bestaan en bly voortbestaan; en
- wat nie geldelike gewin vir sy lede nastreef nie.

HOOFSTUK TWEE: DOELSTELLINGS, BEVOEGDHEDE EN BELASTING

5. Doelstellings

Die hoofdoelstelling van die Vereniging is om die belange van jagters, sportskuts, wildboere, natuurbewaarders en beroepsjagters in Suid-Afrika te bevorder en om uitnemende diens aan sy lede te lewer, deur:

- 5.1 Verantwoordelike jag as noodsaaklike deel van volhoubare benutting en bewaring van die natuur in Suid-Afrika te bevorder en uit te bou;
- 5.2 Verantwoordelike wapeneienaarskap binne die raamwerk van toepaslike wetgewing nasionaal en internasionaal te bevorder;
- 5.3 ’n Positiewe beeld van verantwoordelike jag en die jagter, sportskut, natuurbewaarder, wildboer en beroepsjagter uit te dra;
- 5.4 Kennis van en liefde vir die natuur te bevorder, natuurbeskerming na te streef en ’n bewaringsgesindheid onder sy lede en die algemene publiek te ontwikkel;
- 5.5 Opleiding te verskaf in alle aspekte van die kultuur en etiek van jag, jagvaardighede en die gebruik van wettige jagtoerusting;

- 5.6 Opleiding te verskaf in alle aspekte van die kultuur en etiek van sportskiet, sportskietvaardighede en die veilige gebruik van wettige sportskiettoerusting;
- 5.7 Opleiding te verskaf in die relevante aspekte van bewaring
- 5.8 Navorsing in die jag- en bewaringsbedryf te onderneem of aan te moedig;
- 5.9 Volhoubare en bekostigbare skiet- jag- en bewaringsaktiwiteite vir sy lede daar te stel of te bevorder;
- 5.10 Sosiaal, ekologies en ekonomies volhoubare praktyke in die wildlewesektor te bevorder;
- 5.11 Met ander verenigings en organisasies (binne en buite Suid-Afrika) wat ooreenstemmende doelstellings het, saam te werk, goeie betrekkinge met hulle te handhaaf en eenstemmigheid in die jag- en bewaringsbedryf na te streef;
- 5.12 Konstruktief met owerheidsliggame en ander belanghebbende instansies te skakel en deel te neem aan hul raadplegings- en besluitnemingsprosesse; en
- 5.13 Gemeenskaps- en ontwikkelingsprojekte wat aansluit by die doelstellings van die Vereniging, te onderneem of te ondersteun.

6. Bevoegdhe

- 6.1 Die Vereniging het al die regsbevoegdhe en vermoëns van 'n natuurlike persoon, behalwe indien -
 - 6.1.1 'n regspersoon nie in staat is om enige sodanige bevoegdheid te hê of uit te oefen nie, of
 - 6.1.2 hierdie Grondwet anders bepaal.
- 6.2 Die Vereniging is, in die besonder, bevoeg om:
 - 6.2.1 kragtens sy akkreditasie as 'n Jagtersvereniging en 'n Sportskietvereniging by die Suid-Afrikaanse Polisie, lede wat voldoen aan die vereistes van "toegewyde jagters" en "toegewyde sportskuts", te registreer ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 (soos van tyd tot tyd gewysig), en alle regulasies daarkragtens uitgevaardig; en
 - 6.2.2 die opleiding te verskaf wat kragtens die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 (soos van tyd tot tyd gewysig), vereis word vir sekere kategorieë van vuurwapeneienaarskap.
 - 6.2.3 met ander nasionale en internasionale instansies, verenigings en organisasies te affilieer of akkreditasie van hulle te verkry of affiliasie aan hulle te verleen of samewerkingsooreenkomste met hulle te sluit.
 - 6.2.4 Die Vereniging het die bevoegdheid om roerende en onroerende eiendom te verkry, daarmee te handel, dit te vervreem en om saaklike regte in eie naam te verkry, toe te ken of te vervreem.

6.2.5. Die Vereniging mag kontrakte sluit en regte en verpligtinge opdoen en in eie naam dagvaar of gedagvaar word.

7. Belasting

Ter voldoening aan die voorwaardes waarkragtens die Vereniging ingevolge artikel 10(1)(d)(1v)(bb) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962 (soos gewysig), vrystelling van belasting bekom het, geld die volgende bepalings:

- 7.1 Drie lede van die Raad, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, moet fidusiêre verantwoordelikheid vir die fondse en bates van die Vereniging aanvaar;
- 7.2 Geen enkele persoon mag direk of indirek die besluitnemingsbevoegdheid met betrekking tot die Vereniging beheer nie;
- 7.3 Die Vereniging mag nie direk of indirek enige van sy fondse of bates aan enige persoon andersins as in die loop van die bevordering van sy doelstellings uitkeer nie;
- 7.4 Die Vereniging is verplig om wesenlik die geheel van sy fondse aan te wend vir die uitsluitlike of hoofdoelstelling waarvoor dit ingestel is;
- 7.5 Geen lid mag direk of indirek enige persoonlike of private belang in die Vereniging hê nie;
- 7.6 Wesenlik die geheel van die aktiwiteite van die Vereniging moet gerig wees op die bevordering van die uitsluitlike of hoofdoelstelling en nie vir die spesifieke voordeel van 'n individuele lid of minderheidsgroep nie;
- 7.7 Die Vereniging mag nie 'n aandeel of ander belang hê in enige onderneming of beroep wat deur sy lede bedryf word nie;
- 7.8 Die Vereniging mag nie vir enige werknemer, amptenaar, lid of ander persoon enige besoldiging betaal, soos omskryf in die Vierde Bylae van die Inkomstebelastingwet, wat oormatig is met inagneming van wat algemeen redelik geag word in die sektor, met betrekking tot die diens gelewer nie;
- 7.9 Die Vereniging moet wesenlik die geheel van sy finansiering verkry van sy jaarlikse of ander langtermyn lede of uit 'n toewysing deur die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- 7.10 Indien die Vereniging sou ontbind, moet die Vereniging as deel van die ontbinding sy bates oordra aan:
 - 7.10.1 'n ander entiteit wat ingevolge art 30B van die Inkomstebelastingwet deur die kommissaris goedgekeur is;
 - 7.10.2 'n openbare welsynsorganisasie ingevolge artikel 30 goedgekeur;
 - 7.10.3 'n instelling, raad of liggaam wat kragtens artikel 10(1)(cA)(i) van belasting vrygestel is; of

- 7.10.4 die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- 7.11 Die persone wat fidusiêre verantwoordelikheid vir die fondse en bates van die Vereniging aanvaar het (soos beoog in par 7.1 hierbo), moet enige wysiging van die Grondwet binne 30 dae van sy wysiging aan die Kommissaris voorlê;
- 7.12 Die Vereniging moet voldoen aan die verslagdoeningsvereistes wat die Kommissaris van tyd tot tyd bepaal; en
- 7.13 Die Vereniging mag nie bewustelik 'n party wees of word, en nie bewustelik toelaat dat die Vereniging gebruik word as deel van 'n ontoelaatbare vermydingsreëling beoog in Deel IIA van Hoofstuk III van die Inkomstebelastingwet, of 'n transaksie, handeling of skema beoog in artikel 103(5) van die Inkomstebelastingwet nie.

HOOFSTUK 3: LIDMAATSKAP

8. Lidmaatskap

Die Vereniging se lidmaatskap bestaan uit die lede in die volgende tien kategorieë:

- 8.1 gewone lede (ouderdom 26 tot 65)
- 8.2 senior lede (ouderdom 65 plus)
- 8.3 lewenslange lede (enige lid wat die vasgestelde bedrag aan ledegeld betaal het)
- 8.4 erelede (jong volwasse, gewone, en senior lede)
- 8.5 buitelandse lede (jong volwasse, gewone, en senior lede)
- 8.6 gesinslede (eggenoot of lewensmaat van gewone lid)
- 8.7 junior lede (ouderdom onder 18)
- 8.8 jong volwasse lede (ouderdom 18 tot 26)
- 8.9 korporatiewe lede
- 8.10 assosiaatlede

'n Persoon wat:

- die doelstellings en grondwet van die Vereniging skriftelik aanvaar;
- minstens 18 jaar oud is;
- 'n Suid-Afrikaanse burger is, of permanent in Suid-Afrika woonagtig is, of 'n Suid-Afrikaanse burger wat permanent in enige ander land woonagtig is, of 'n burger van enige ander land wat in enige ander land woonagtig is;

- die toepaslike lidmaatskap- en toetreegeld (indien enige) betaal het; en
- die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi en onderteken het, mag ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die Interne Reëls, aansoek doen om 'n lid van die Vereniging te word in 'n toepaslike kategorie van lidmaatskap.

Die Raad kan 'n aansoek om lidmaatskap afkeur indien die Raad van mening is dat:

- daar nie ten volle aan die formele vereistes vir aansoeke om lidmaatskap voldoen is nie;
- die aansoeker deur 'n Hof skuldig bevind was aan 'n misdryf wat met jag, sportskiet of natuurbewaring verband hou;
- die aansoeker deur 'n Hof skuldig bevind is aan 'n misdryf wat verband hou met die toepaslike wetgewing wat vuurwapeneienaarskap reguleer;
- die aansoeker se gedrag in die verlede die Vereniging nadelig mag raak of in onguns mag bring; en
- die motief vir die aansoek onopreg of onder verdenking is.

'n Persoon wat 'n opbetaalde lid is van die Vereniging:

- het stemreg op alle bestuursliggame van die Vereniging waarvan hy of sy lid is;
- is geregtig op alle dienste, regte en voorregte wat voortspruit uit lidmaatskap van die Vereniging, soos in die Grondwet, Interne Reëls en Beleidstukke omskryf;
- kan, vir doeleindes van die Wet op Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 (soos gewysig van tyd tot tyd), en aanvullend tot die kategorie lidmaatskap waaronder hy of sy ressorteer, ook registreer as toegewyde jagter en/of as toegewyde sportskut en/of as beroepsjagter ooreenkomstig die prosedures en vereistes in die Interne Reëls en Beleidstukke vervat.

8.1 Gewone lede

'n Persoon wie se lidmaatskap nie in 'n ander kategorie van lidmaatskap val nie, is 'n gewone lid van die Vereniging.

8.2 Senior lede

'n Senior lid is 'n persoon wat ouer as 65 jaar is, en wie se lidmaatskap nie in 'n ander kategorie van lidmaatskap tuishoort nie. 'n Gewone lid word 'n senior lid sodra hy/sy die ouderdom van 65 jaar bereik.

8.3 Lewenslange lede

'n Lid van die Vereniging kan 'n lewenslange lid word deur 'n eenmalige bedrag ledegeld te betaal soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

8.4 Erelede

8.4.1 Die Kongres kan erelidmaatskap aan 'n persoon toeken wat weens sy kundigheid en posisie 'n besondere bydrae gelewer het of vir 'n bepaalde tyd sal lewer ten einde die doelstellings van die Vereniging te bereik.

- 8.4.2 Die Kongres kan erelidmaatskap aan 'n persoon toeken vir 'n bepaalde periode of lewenslank.
- 8.4.3 Erelede betaal geen toetree- of ledegeld nie.
- 8.5 Buitelandse lede
 - 8.5.1 Buitelandse lidmaatskap kan op aansoek verkry word deur persone wat buite Suid-Afrika woonagtig is.
 - 8.5.2 Die Raad mag die regte en voorregte van buitelandse lede beperk.
- 8.6 Gesinslede
 - 8.6.1 'n Gewone, senior of lewenslange lid kan aansoek doen vir gesinslidmaatskap vir sy of haar eggenoot of lewensmaat;
 - 8.6.2 'n Gesinslid se lidmaatskap kom tot 'n einde wanneer die lidmaatskapsgeld verstryk en hy of sy nie meer aan bostaande vereistes voldoen nie.
 - 8.6.3 'n Gesinslid kan by die beëindiging van lidmaatskap as gesinslid aansoek doen en aansluit as 'n jong volwasse, gewone of senior lid.
- 8.7 Junior lede
 - 8.7.1 'n Minderjarige mag 'n junior lid van die Vereniging wees totdat hy meerderjarig (18 jaar oud) word.
 - 8.7.2 'n Minderjarige se ouer of voog mag ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die Interne Reëls, junior lidmaatskap vir 'n minderjarige verkry indien hulle:
 - 8.7.2.1 die doelstellings en Grondwet van die Vereniging skriftelik aanvaar het;
 - 8.7.2.2 'n Suid-Afrikaanse burger is, of permanent in Suid-Afrika woonagtig is;
 - 8.7.2.3 die toepaslike lidmaatskapsgeld vir die minderjarige betaal het;
 - 8.7.2.4 skriftelik aanspreeklikheid vir die goeie gedrag van die minderjarige en sy finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging aanvaar het; en
 - 8.7.2.5 die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi en onderteken het.
 - 8.7.3 'n Junior lid van die Vereniging:
 - 8.7.3.1 het geen stemreg op bestuursliggame van die Vereniging nie;
 - 8.7.3.2 is geregtig op alle dienste, regte en voorregte wat voortspruit uit sy of haar lidmaatskap van die Vereniging; en
 - 8.7.3.3 moet sodanige regte en voorregte onder toesig van sy of haar ouer of voog uitoefen.

8.8 Jong volwasse lede

'n Jong volwasse lid is 'n persoon wat ouer as 18 jaar en jonger as 26 jaar is.

8.9 Korporatiewe lede

8.9.1 Sake-ondernemings mag korporatiewe lidmaatskap van die Vereniging ontvang indien die aard van hul onderneming 'n belang of betrokkenheid by die wild, bewaring, jagbedryf en/of sportskiet en die behoeftes van lede van die Vereniging het:

8.9.1.1 op aansoek deur die onderneming, ooreenkomstig die Interne Reëls, of

8.9.1.2 op uitnodiging van die Vereniging.

8.9.2 Korporatiewe lidmaatskap kan in kategorieë verdeel word.

8.9.3 Korporatiewe lede van die Vereniging het geen stemreg nie.

8.9.4 Die regte en voorregte van korporatiewe lede en hul lidmaatskapgelde word in die Interne Reëls vervat.

8.10. Assosiaatlede

8.10.1 Organisasies wat vanweë die aard van hul aktiwiteite 'n belang en betrokkenheid by die jagbedryf en/of sportskiet en/of bewaring en/of beroepsjag en/of die behoeftes van die lede van die Vereniging het en waarde kan toevoeg tot die verwesenliking van die Vereniging se doelstellings, kan lidmaatskap as assosiaatlede van die Vereniging verkry:

8.10.1.1 op aansoek deur die organisasie, ooreenkomstig die Interne Reëls; of

8.10.1.2 op uitnodiging van die Vereniging.

8.10.2 Assosiaatlede van die Vereniging het geen stemreg nie.

8.10.3 Die Vereniging het geen jurisdiksie oor assosiaatlede se interne sake nie.

8.10.4 Die regte, voorregte en verpligtinge van assosiaatlede word in die Interne Reëls uiteengesit. Indien dit nie in die Interne Reëls vervat is nie, word dit by ooreenkoms tussen die betrokke assosiaatlid en die Vereniging bepaal.

8.10.5 Individuele lede van 'n organisasie wat 'n assosiaatlid van die Vereniging is, het nie die regte, voorregte en verpligtinge wat lede van die Vereniging het nie, tensy sodanige individuele lede ook lede van die Vereniging is.

9. Toetree- en ledegeld

- 9.1 Elke persoon wat lidmaatskap van die Vereniging verkry, moet by die verkryging daarvan toetreegeld betaal, tensy die persoon binne 'n kategorie van lidmaatskap val wat ingevolge die Grondwet daarvan vrygestel is. Die bedrag van die toetreegeld word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
- 9.2 Elke persoon wat lid van die Vereniging is, moet van tyd tot tyd ledegeld betaal, tensy die persoon in 'n kategorie van lidmaatskap val wat ingevolge die Grondwet daarvan vrygestel is. Die bedrag van die ledegeld sowel as die datums waarop dit betaalbaar is, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
- 9.3 'n lid wie se ledegeld op enige gegewe datum nie betaal is nie, se lidmaatskap is nie geldig nie, is nie geregtig op enige dienste en/of voordele wat die Vereniging bied nie en enige sodanige lid kan geen regsgeldige handeling as lid verrig nie.

10. Beëindiging van lidmaatskap

- 10.1 'n Lid kan sy of haar lidmaatskap van die Vereniging beëindig deur 'n skriftelike bedanking by die nasionale kantoor van die Vereniging in te dien. Die lidmaatskap beëindig by ontvangs van die bedanking.
- 10.2. 'n Lid se lidmaatskap word beëindig na hy/sy te sterwe kom. Die lidmaatskap beëindig by ontvangs van die kennisgewing van die lid se afsterwe.
- 10.3 Die Raad mag 'n lid se lidmaatskap beëindig:
 - 10.3.1 indien enige ledegeld of ander bedrag wat die lid aan die Vereniging verskuldig is, nie vereffen is nie;
 - 10.3.2 indien die lid skuldig bevind word aan enige oortreding van vuurwapen- jag- en/of bewaringsverwante wetgewing en/of regulasies;
 - 10.3.3 indien die optrede van die lid na die oordeel van die Raad die Vereniging duidelik nadelig mag raak of in onguns mag bring, of:
 - 10.3.4 ingevolge dissiplinêre prosedures soos in die Grondwet, Interne Reëls en Beleidsdokumente uiteengesit.
- 10.4 Die lidmaatskap van 'n korporatiewe lid of 'n assosiaatlid kom tot 'n einde:
 - 10.4.1 Wanneer die lid skriftelik sy lidmaatskap opsê;
 - 10.4.2 Wanneer die Raad die lidmaatskap by wyse van skriftelike kennisgewing aan die lid gekanselleer het, wat die Raad mag doen indien die lid nie sy finansiële verpligting teenoor die Vereniging nakom nie, of indien die Raad van mening is dat voortsetting van die lidmaatskap weens botsende belange

onwenslik is, of omdat die lid se optrede indruis teen die doelstellings van die Vereniging of vir die Raad onaanvaarbaar is.

10.5 Lede wie se lidmaatskap beëindig is:

10.5.1 verbeur alle lidmaatskap- en ander gelde wat die lid voor die beëindiging van sy lidmaatskap aan die Vereniging betaal het;

10.5.2 moet alle eiendom van die Vereniging wat in sy of haar besit mag wees, dadelik aan die Vereniging terugbesorg;

10.5.3 bly aanspreeklik vir die betaling van alle gelde wat voor die beëindiging van sy of haar lidmaatskap aan die Vereniging betaalbaar was, maar nie betaal is nie.

10.5.4 se afhanklike gesinslede word as lede behou slegs vir die termyn waarvoor reeds ledegeld betaal is, waarna gesinslidmaatskap beëindig word

HOOFSTUK VIER: BESTUURSLIGGAME EN REGLEMENTE

11. Bestuursliggame

11.1 Die Vereniging word deur die volgende bestuursliggame beheer en bestuur:

11.1.1 Die Kongres

11.1.2 Die Raad

11.1.3 Die Uitgebreide Raad

11.1.4 Die Nasionale Takvoorsittersforum

11.1.5 Takbesture

11.1.6 Die Erfenisraad

11.2 Elke lid van 'n bestuursliggaam beklee 'n vertrouensposisie in die Vereniging en het 'n fidusiêre verantwoordelik teenoor die Vereniging.

11.3 Die bestuursliggame gee strategiese leiding aan die Vereniging en sy personeel, maar neem nie deel aan die dag-tot-dag bestuur van die Vereniging nie.

12. Bestuursreglemente

12.1 Die volgende Bestuursreglemente orden die bedrywighede, bevoegdhede en optredes van die Vereniging, sy bestuursliggame, sy personeel en sy lede:

12.1.1 Die Interne Reëls

- 12.1.2 Die Gedragsreëls
- 12.1.3 Die Dissiplinêre Kode
- 12.1.4 Die Takreglement
- 12.1.5 Beleidsvoorskrifte wat die Raad van tyd tot tyd mag uitgee
- 12.2 Die Interne Reëls bevat voorskrifte vir en orden:
 - 12.2.1 die funksies, handeling en prosedures van bestuursliggame, ampsdraers en werknemers van die Vereniging;
 - 12.2.2 die finansiële en administratiewe bestuur van die Vereniging;
 - 12.2.3 aangeleenthede wat ingevolge die Grondwet in die Interne Reëls hanteer moet word; en
 - 12.2.4 aangeleenthede wat noodsaaklik is vir die behoorlike funksionering van die Vereniging en wat nie in die Grondwet vervat word nie.
- 12.3 Die gedragsreëls bevat norms vir die gedrag van lede binne die sfeer van die Vereniging se doelstellings en werksaamhede, en bepalinge betreffende verantwoordelike jag.
- 12.4 Die dissiplinêre kode bevat voorskrifte oor dissiplinêre optredes teen lede, sanksies wat toegepas kan word en beëindiging van lidmaatskap.
- 12.5 Die takreglement bevat voorskrifte vir die funksionering, bevoegdhede, verpligtinge en verantwoordelikhede van takke en takbesture.
- 12.6 Die bestuursreglemente mag nie strydig wees met die Grondwet nie. In die geval van 'n botsing tussen die Grondwet en 'n bestuursreglement, oorheers die Grondwet die bestuursreglement.
- 12.7 Die bestuursreglemente is bindend op alle bestuursliggame, ampsdraers, personeel en lede van die Vereniging.

HOOFSTUK VYF: DIE KONGRES

13. Die Kongres

13.1 Samestelling van die Kongres

Die volgende persone is lede van die Kongres:

- Elke lid van die Raad;
- Elke streekkoördineerder;
- Twee afgevaardigdes van elke Tak wat tussen 50 en 150 lede het;
- Twee afgevaardigdes van elke Tak wat tussen 151 en 400 lede het;

- Drie afgevaardigdes van elke Tak wat tussen 401 en 600 lede het;
- Vier afgevaardigdes van elke tak wat tussen 601 en 1000 lede het;
- Vyf afgevaardigdes van elke tak wat meer as 1000 lede het;
- Elke lid van die Erfenisraad; en
- Elke bedryfsbestuurder van die Vereniging.

13.1.1 Elke lid van die kongres het een stem. By 'n staking van stemme het die President 'n beslissende stem.

13.1.2 Ander persone mag die Kongres as waarnemers of adviseurs bywoon op hulle eie koste

13.1.2.1 met toestemming van die President; of

13.1.2.2 waar die Interne Reëls daarvoor voorsiening maak.

13.2 Vergaderings van die Kongres

13.2.1 Die Kongres word binne ses maande na afsluiting van elke boekjaar vir 'n jaarvergadering opgeroep deur die Raad van die Vereniging.

13.2.2 Buitengewone vergaderings:

13.2.2.1 die Raad kan die Kongres vir 'n buitengewone vergadering oproep indien die Raad dit nodig ag;

13.2.2.2 die Raad moet die Kongres vir 'n buitengewone vergadering oproep indien vyftig persent plus een (50% +1) van die takke so 'n vergadering aanvra; en

13.2.2.3 die Kongres kan self 'n buitengewone vergadering belê.

13.2.3 Die prosedures vir die oproep en funksionering van die Kongres word in die Interne Reëls vasgelê.

13.3. Voorsitter van die Kongres

Die voorsitter van die Raad (president) is ampshalwe voorsitter van die Kongres. In sy afwesigheid tree die adjunk-voorsitter (adjunk-president) van die Raad as voorsitter op. Indien beide die voorsitter en die adjunk-voorsitter (president en adjunk-president) afwesig is of nie in staat of bereid is om as voorsitter van die Kongres op te tree nie, kies die Kongres 'n tydelike voorsitter uit die geledere van die Raad.

13.4. Werkzaamhede en bevoegdhede van die Kongres

Die werkzaamhede en bevoegdhede van die Kongres behels die volgende:

13.4.1 Beoordeling van die President se jaarverslag en die bestuursverslag;

13.4.2 Oorweging en goedkeuring van die finansiële verslag van die Vereniging vir die afgelope boekjaar;

13.4.3 Bespreking van en aanbevelings aan die Raad oor:

- 13.4.3.1 Beskrywingspunte wat een of meer takke ingedien het;
 - 13.4.3.2 Sake wat die Raad na die kongres verwys het; en
 - 13.4.3.3 Die werksaamhede van die Vereniging.
- 13.5 Toekenning van ere-lidmaatskap van die Vereniging
 - 13.6 Bekragting van die Interne Reëls en enige wysiging daarvan
 - 13.7 Die verkiesing en ontslag van lede van die Raad
 - 13.8 Die aanstelling en ontslag van die Vereniging se ouditeurs
 - 13.9 Spesiale besluite
 - 13.10 Alle ander sake wat die Kongres kragtens die Grondwet moet hanteer en oor moet besluit

HOOFSTUK SES: DIE RAAD

14. Die Raad

14.1 Samestelling van die Raad

Die Raad bestaan uit die volgende verkose lede:

- die President
- die Adjunk-president
- die Vise-president: Jagsake
- die Vise-president: Bewaring
- die Vise-president: Skietsake
- die Vise-president: Opleiding

14.1.1 Die Hoof Uitvoerende Beampste, *ex officio*.

14.1.2 Hoogstens twee lede van die Vereniging wat deur die Raad op grond van hul kundigheid binne 'n bepaalde kennisveld gekoöpteer mag word.

14.2 Nominasies en verkiesing van die Raad

14.2.1 Nominasies vir verkiesing tot verkose lede van die Raad moet skriftelik ingedien word en vergesel wees van 'n *curriculum vitae* van die genomineerde persoon, soos wat die Interne Reëls bepaal.

14.2.2 Die President, Adjunk-president en Vise-presidente word individueel deur die Kongres verkies, ooreenkomstig die voorgeskewe prosedures in die Interne Reëls.

14.3 Verklaring van belange

14.3.1 Alle lede van die Raad en persone wat genomineer is om as Raadslede verkies te word, moet altyd enige belange wat hulle mag hê in enige organisasie of vereniging waarvan die bedrywighede of doelwitte bots met, of soortgelyk is aan die bedrywighede en doelwitte van die Vereniging, skriftelik aan die Hoof Uitvoerende Beampte verklaar.

14.3.2 Geen Raadslid mag 'n bestuurslid van so 'n organisasie of vereniging wees sonder dat die Raad by wyse van 'n genotuleerde besluit daartoe ingestem het nie.

14.4 Ampstermyne van Raadslede

14.4.1 Die ampstermyne van 'n verkose lid van die Raad strek vanaf die jaarvergadering (Kongres) waarop hy verkies is tot die tweede opvolgende jaarvergadering (Kongres).

14.4.2 'n Verkose lid van die Raad

14.4.2.1 mag vir hoogstens drie volle ampstermyne die amp beklee van:

- President,
- Adjunk-president, en
- Vise-president in dieselfde portefeulje; en

14.4.2.2 mag vir hoogstens ses volle ampstermyne 'n verkose lid van die Raad wees.

14.4.3 'n Gekoöpteerde lid van die Raad se ampstermyne duur tot die eerste jaarvergadering (Kongres) na sy verkiesing, tensy hy/sy vir 'n korter termyn gekoöpteer is.

14.5 Tussentydse vakatures

14.5.1 Indien die amp van die President voor die verstryking van sy ampstermyne vakant sou raak, neem die Adjunk-president die President se amp oor vir die restant van die termyn en kies die Raad een van die Vise-presidente om die Adjunk-president se amp oor te neem.

14.5.2 Indien die amp van Adjunk-president voor die verstryking van sy ampstermyne vakant sou raak, kies die Raad een van die Vise-presidente om die Adjunk-president se amp oor te neem vir die restant van die ampstermyne.

14.5.3 Sodanige verkose Adjunk-president kan die portefeulje waarin hy verkies is as vise-president behou vir die restant van die verkose ampstermyne met die instemming van die Raad.

14.5.4 Indien die portefeulje van een van die vise-presidente voor die verstryking van sy ampstermyne vakant sou raak, koöpteer die Raad 'n lid van die Vereniging om vir die restant van die ampstermyne as vise-president in daardie portefeulje te dien.

14.6 Verantwoordelikhede van die Raad

- 14.6.1 Die Raad vorm die eerste vlak van bestuur van die Vereniging en dra volle verantwoordelikheid vir die doelmatige, korrekte en koste-effektiewe bestuur van die Vereniging.
- 14.6.2 Die Raad bepaal en implementeer die nodige beleid, strategieë, handelinge en prosedures vir die verwesenliking van doelstellings van die Vereniging.
- 14.6.3 Die Raad stel bestuursreglemente op vir die doelmatige funksionering van die Vereniging. Geen bestuursreglement mag strydig met die Grondwet wees nie.
- 14.6.4 Die Interne Reëls, en enige wysiging daarvan, tree eers in werking indien en wanneer die Kongres dit goedgekeur het.
- 14.6.5 Die Raad bepaal die regshandelinge wat ander bestuursliggame namens die Vereniging mag verrig, en magtig die bestuursliggame om sodanige regshandelinge uit te voer.
- 14.6.6 Die Raad sien toe dat daar 'n finansiële begroting vir elke boekjaar in plek gestel en geïmplementeer word.
- 14.6.7 Die Raad bepaal die regte en pligte verbonde aan lidmaatskap van die Vereniging, asook alle toetree- en lidmaatskapsgelede.
- 14.6.8 Die Raad bevorder die uitbreiding van die Vereniging se ledetal en die stigting van takke en streke.
- 14.6.9 Die Raad stel 'n Hoof Uitvoerende Beampte vir die Vereniging aan en bepaal sy verantwoordelikhede, diensvoorwaardes en vergoeding.
- 14.6.10 Die Raad gee strategiese leiding aan ander bestuursliggame, die Hoof Uitvoerende Beampte en lede van die Vereniging.

14.7 Bevoegdheids van die Raad

- 14.7.1 die Raad is bevoeg om, behoudens ander bepalings van die Grondwet, enige regshandeling wat die Vereniging bevoeg is om te verrig, namens die Vereniging uit te voer.
- 14.7.2 Die Raad mag enige van sy verantwoordelikhede en bevoegdheids ingevolge hierdie Grondwet deleger aan 'n bestuursliggaam, komitee van die Raad, personeellid of lid van die Vereniging, met uitsluiting van die bevoegdheids om:
 - 14.7.2.1 persone as lede van die Raad te koöpteer; en
 - 14.7.2.2 om bestuursreglemente vir die Vereniging op te stel.
- 14.7.3 Sodanige delegering van mag, kan voorwaardelik of onvoorwaardelik wees.

- 14.7.4 Die Raad behou al sy verantwoordelikhede en bevoegdhede ten aansien van funksies wat gedelegeer is, en mag enige delegering van mag wysig of terugtrek.
- 14.7.5 Die Raad mag komitees aanwys, taakspanne benoem en individue aanstel om bepaalde take te verrig, die Raad van advies te bedien en die Raad behulpzaam te wees in die nakoming van sy verantwoordelikhede.
- 14.7.6 Die Raad mag takke van die Vereniging stig, saamvoeg, verdeel of ontbind, en die magte en bevoegdhede van takbesture bepaal.
- 14.7.7 Die Raad mag, ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure in die Interne Reëls, met 'n tweederde meerderheid van stemgeregtigde Raadslede besluit om 'n sittende raadslid se lidmaatskap van die Raad te beëindig.

14.8 Vergaderings van die Raad

Die Raad vergader minstens vier keer per jaar

14.8.1 op 'n datum en plek deur die President bepaal; en

14.8.2 onder die voorsitterskap van die President of, in sy afwesigheid, die Adjunk-president.

15. Bestuur van die Vereniging

- 15.1 Die Hoof Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur van die aktiwiteite van die Vereniging waarvoor die Raad oorhoofs verantwoordelik is.
- 15.2 Die Hoof Uitvoerende Beampte
- 15.2.1 stel na konsultasie met die Raad, bedryfsbestuurders aan vir die bestuur van bepaalde komponente van die Vereniging se aktiwiteite; en
- 15.2.2 stel verdere personeellede aan soos dit van tyd tot tyd nodig mag wees.
- 15.3 Die Raad gee strategiese leiding en hou toesig oor die werksaamhede van die Hoof Uitvoerende Beampte, die bedryfsbestuurders en die personeel.
- Elke vise-president fokus op sake wat binne sy portefeulje val, sonder versuiming van sy oorhoofse verantwoordelikhede as lid van die Raad.
- 15.4 Die President bepaal die inhoud van die portefeuljes wat elke vise-president behartig, en mag dit van tyd tot tyd wysig of aanpas.

HOOFSTUK SEWE: DIE UITGEBREIDE RAAD

16. Die Uitgebreide Raad

16.1 Samestelling van die Uitgebreide Raad

Die Uitgebreide Raad bestaan uit:

- Al die lede van die Raad
- Al die streekkoördineerders
- Die bedryfsbestuurders van die Vereniging

16.2 Funksies van die Uitgebreide Raad

Die Uitgebreide Raad is 'n forum waar die lede van die Raad met die streekkoördineerders en die bedryfsbestuurders van die Vereniging beraadslaag oor kwessies wat die Vereniging se Tak- en Streek-aktiwiteite raak.

Die Uitgebreide Raad neem besluite in die sake soos op die sakelys vir die vergaderings voorsien. Insette van sy lede dra by tot besluite wat die Raad neem.

Alle lede van die Uitgebreide Raad het stemreg by vergaderings van die Uitgebreide Raad.

16.3 Vergaderings

16.3.1 Die Uitgebreide Raad vergader twee keer per jaar of meer, soos wat die Raad mag nodig ag.

16.3.2 Vergaderings van die Uitgebreide Raad word belê en gehou ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die Interne Reëls.

HOOFSTUK AGT: STREKE EN STREEKKOÖRDINEERDERS

17. Streke en Streekkoördineerders

17.1 Instelling van Streke

17.1.1 Die Raad kan in bepaalde geografiese gebiede streke skep om in streeksverband diens te lewer en/of aktiwiteite van die Vereniging te koördineer en samewerking tussen takke en lede te bevorder.

17.1.2 Streke moet uit minstens 3 takke bestaan, soos en waar dit doelmatig kan funksioneer.

17.1.3 Die Raad kan bestaande streke saamvoeg of ontbind indien operasionele redes dit sou vereis.

17.1.4 Die Raad keur die stigting of samevoeging of ontbinding van 'n streek goed op skriftelike aanbeveling van die meerderheid van die Takke wat in die streek ingesluit sal word.

17.2 Streekkoördineerder

- 17.2.1. 'n Streekkoördineerder word in elke streek aangewys.
- 17.2.2 Die voorsitters van die takke binne die gebied van die streek verkies die streekkoördineerder, ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure in die Interne Reëls en onder leiding van die Bestuurder verantwoordelik vir Tak en Streeksake.
- 17.2.3 Die streekkoördineerder in elke streek word verkies vir 'n termyn van 2 jaar en is herkiesbaar.
- 17.2.4 Enige lid van die Vereniging wat ingevolge die Vereniging se Interne Reëls en Dissiplinêre Prosedure dissiplinêr aangekla is op 'n klagte van bedrog, diefstal of enige finansiële ongerymdheid en skuldig bevind is op sodanige klag, of 'n pleitooreenkoms aangegaan het na sodanige klag en deur die dissiplinêre gesag van die Vereniging gestraf is, of skuldig bevind is aan enige oortreding soos voorsien in 10.3.2 mag vir 'n termyn van 10 jaar na afhandeling van die dissiplinêre proses of sodanige skuldigbevinding nie verkies word as 'n streekkoördineerder nie.

17.3 Funksies van die Streekkoördineerder

Streekkoördineerders vorm die tweede vlak van die bestuur van die Vereniging, en is verantwoordelik vir:

- 17.3.1 die koördinerings- en uitvoerings- van die Vereniging se doelwitte op streekvlak;
- 17.3.2 die ondersteuning van takbesture in die uitvoering van hul funksies en verantwoordelikhede;
- 17.3.3 skakeling met die Raad aangaande die operasionele behoeftes van die streek en die takke in die streek;
- 17.3.4 koördinerings- van die aktiwiteite van Takke in die streek om samewerking ten opsigte van opleidingsaktiwiteite en skietaktiwiteite tussen die Takke te bevorder;
- 17.3.5 die saamstel van 'n jaarlikse skietprogram om die streek se skietaktiwiteite te koördineer;
- 17.3.6 die gebruik van beskikbare fasiliteite soos skietbane en opleidingslokale in die streek te koördineer; en
- 17.3.7 die koördinerings- van skakeling met provinsiale bewaringsowerhede en ander relevante bewaringsorganisasies om bewaringsdoelwitte van die Vereniging te bevorder en sinvolle jagregulasies saam te stel.
- 17.3.8 samewerking met en koördinerings- van aktiwiteite van Takke en met ander verenigings in streek- en provinsiale sportliggame.

HOOFSTUK NEGE: DIE NASIONALE TAKVOORSITTERSFORUM

18. Die Nasionale Takvoorsittersforum

18.1 Samestelling van die Nasionale Takvoorsittersforum

18.1.1 Die Nasionale Takvoorsittersforum bestaan uit:

- Al die lede van die Raad
- Al die streekkoördineerders
- Die bedryfsbestuurders van die Vereniging
- Al die Takvoorsitters
- Enige individu wat die NTVF op uitnodiging van die President mag bywoon

18.2 Vergaderings van die Nasionale Takvoorsittersforum

18.2.1 Die Raad roep die Nasionale Takvoorsittersforum byeen so dikwels as wat die Raad dit nodig ag, maar ten minste een keer per jaar, ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die Interne Reëls.

18.2.2 Die Raad moet die Nasionale Takvoorsittersforum byeenroep indien 50% plus 1 van die Takke skriftelik so 'n vergadering versoek.

18.2.3 Die President tree op as voorsitter by die vergadering van die Nasionale Takvoorsittersforum of, in sy afwesigheid, die Adjunk-president of in beide van hulle se afwesigheid 'n persoon aangewys deur die Raad

18.2.4 Die President stel die sakelys vir die Vergadering van die Nasionale Takvoorsittersforum saam uit insette ontvang van streekkoördineerders en takvoorsitters.

18.2.5 Vergaderings van die Nasionale Takvoorsittersforum word belê en gehou ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die Interne Reëls.

18.2.6 Dit is 'n vereiste dat elke takvoorsitter en streekkoördineerder die vergaderings van die Nasionale Takvoorsittersforum bywoon of 'n sekondus afvaardig om die vergadering namens hom/haar by te woon.

18.3 Funksies van die Nasionale Takvoorsittersforum

Die Nasionale Takvoorsittersforum is 'n konsulerende liggaam en het die volgende funksies:

18.3.1 'n Rigtinggewende en moniteringsfunksies ten opsigte van beleidsontwikkeling en toepassing;

18.3.2 Om kommunikasie en koördinasie tussen Takke onderling, tussen Takke en die Raad en tussen Takke en die bedryfsdepartemente van die Vereniging te bewerkstellig, bevorder en te verbeter;

- 18.3.3 Om probleme op bedryfsvlak tussen Takvoorsitters en bedryfsbestuurders op te klaar;
- 18.3.4 Om Takvoorsitters in staat stel om te beraadslaag oor gemeenskaplike probleme en uitdagings; en
- 18.3.5 Om geraadpleeg te kan word oor en terugvoering te ontvang en te gee oor die finansies, ledesake en ander sake van belang van die Vereniging, na die oordeel van die Raad.

HOOFSTUK TIEN: TAKKE EN TAKBESTURE

19. Takke

19.1 Instelling van takke

- 19.1.1 Die bestek van die Vereniging word ingedeel in takke.
- 19.1.2 Die Raad kan takke stig, bestaande takke saamvoeg en takke ontbind, met dien verstande dat die takke nie saamgevoeg of ontbind mag word sonder oorlegpleging met die lede van die betrokke takke nie. Die prosedure vir die stigting, samevoeging en ontbinding van takke word uiteengesit in die Takreglement.
- 19.1.3 Die Raad bepaal van tyd tot tyd waar en wanneer takke gestig word en die geografiese gebied waarbinne elke tak funksioneer.

19.2 Status van takke

- 19.2.1 Takke en takbesture is ondergeskikte strukture van die Vereniging met hul eie identiteit, huishoudelike reëls, tradisies en gebruike, maar steeds onderhewig aan die Grondwet en die bestuursreglemente van die Vereniging.
- 19.2.2 Takke is nie afsonderlike regspersone nie. Alle handeling van takke is handeling van en namens die Vereniging.
- 19.2.3 Takke mag alleenlik regshandeling verrig wat die Vereniging bind indien:
 - 19.2.3.1 die Raad die spesifieke regshandeling vooraf goedgekeur het;
 - 19.2.3.2 die regshandeling binne 'n algemene mandaat val wat die Raad aan Takke in die algemeen of aan bepaalde Takke, verleen het, of
 - 19.2.3.3 die regshandeling ingevolge die Takreglement gemagtig is.
- 19.2.4 Alle bates, inkomste en uitgawes van Takke word finansiëel bekragtig in die jaarlikse state van die Tak soos wat die Vereniging se finansiële beleid voorskryf.

19.3 Verantwoordelikhede van takke

Takke is verantwoordelik vir:

19.3.1 Vindingryke en daadwerklike bevordering van die doelstellings van die Vereniging en implementering van besluite van die Raad op plaaslike vlak;

19.3.2 Aktiewe instandhouding en ontwikkeling van tak-lidmaatskap;

19.3.3 Daadwerklike ondersteuning van alle ondernemings en werksaamhede van die Vereniging;

19.3.4 Bestuur van die diverse belange van lede van die tak binne die raamwerk van die doelstellings en beleidsbesluite van die Vereniging; en

19.3.5 Handhawing van gesonde dissipline in die tak ooreenkomstig die gedragsreëls van die Vereniging.

19.4 Funksionering van takke

19.4.1 Takke funksioneer onderhewig aan die Grondwet en Interne Reëls en soos uiteengesit in die Takreglement.

19.4.2 Takke mag, binne die riglyne vervat in die Takreglement, huishoudelike reëls opstel om hulle verrigtinge te orden.

20. Takbesture

20.1 Takbesture vorm die uitvoerende gesag van takke.

20.2 Die verkiesing, ampsduur, funksies en bevoegdhede van takbesture is soos uiteengesit in die Takreglement.

20.3 'n Takbestuur is rekenpiligig teenoor die Raad vir die administrasie van al die tak se fondse en finansiële transaksies.

HOOFSTUK ELF: ERFENISRAAD

21. Erfenisraad

21.1 Instelling van 'n Erfenisraad

Die kongres kan 'n Erfenisraad instel en/of ontbind

21.2 Samestelling van die Erfenisraad

Die lede van die Erfenisraad bestaan uit al die voormalige presidente van die Vereniging wat bereid en in staat is om lid daarvan te wees, met dien verstande dat geen voormalige president wat 'n amptenaar van die Vereniging is op die Erfenisraad mag dien sonder die spesiale toestemming van die Erfenisraad nie.

21.3 Taak van die Erfenisraad

Die taak van die Erfenisraad is om die Raad te adviseer oor die instandhouding en ontwikkeling van die kultuur, tradisies en waardes van die Vereniging en om voorstelle daaromtrent aan die Raad te maak.

HOOFSTUK TWAALF: DIE EREROL

22. Die Eerol

22.1 Byhou van 'n Eerol

22.1.1 Die Vereniging hou 'n eerol by van verdienstelike lede soos deur die Kongres besluit is.

22.1.2 Die Raad sien toe dat die eerol behoorlik in stand gehou en opsigtelik vertoon word.

22.2 Byvoeging van lede op die eerol

22.2.1 Slegs die volgende lede van die Vereniging kwalifiseer, volgens verdienste, om vir inskrywing op die eerol oorweeg te word:

22.2.1.1 Lede wat 'n buitengewone bydrae tot jag en bewaring gemaak het wat op nasionale vlak erken word;

22.2.1.2 Lede wat 'n buitengewone bydrae tot die Vereniging gemaak het by wyse van skenkings of erflatings;

22.2.1.3 Voormalige en uitgetrede presidente van die Vereniging; en

22.2.1.4 Enige ander lid of werknemer wat volgens die oordeel van die Kongres 'n bydrae gemaak het wat nie in een van bostaande kategorieë val nie, maar uitnemende diens aan die Vereniging gelewer het en buitengewone erkenning behoort te kry.

22.2.2 Die Kongres kan 'n lid tot die eerol toelaat nadat hy of sy, by wyse van 'n voorstel, vir toelating tot die eerol genomineer is.

22.2.3 Die proses vir die nominering en toelating van 'n lid tot die eerol word in die Interne Reëls en die Toekenningsbeleid uiteengesit.

HOOFSTUK DERTIEN: FINANSIËLE EN ADMINISTRATIEWE BESTUUR

23. Finansiële en Administratiewe Bestuur

23.1 Verantwoordelikheid vir finansiële en administratiewe bestuur

Die Raad dra die finale verantwoordelikheid vir die administratiewe en finansiële bestuur van die Vereniging, maar is nie gemoeid met die dag-tot-dag bestuur nie.

23.2 Finansiële verslagdoening

23.2.1 Finansiële verslagdoening vind plaas volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP).

23.2.2 Die Hoof Uitvoerende Beampte lewer maandeliks rekeningkundige bestuurstase aan die Raad.

23.2.3 Die Raad stel vir elke boekjaar volledige rekeningkundige jaarstate van die finansiële stand van die Vereniging op en laat dit audit deur die aangestelde ouditeurs van die Vereniging.

23.2.4 By elke jaarvergadering van die Kongres, lê die Raad geouditeerde rekeningkundige jaarstate vir die onmiddellik voorafgaande boekjaar aan die Kongres voor.

23.2.5 Gewone lede van die Vereniging het toegang tot die geouditeerde jaarstate van die Vereniging op 'n wyse soos in die Interne Reëls bepaal.

23.3 Ouditeure

23.3.1 Die kongres stel elke jaar ouditeure vir die Vereniging aan.

23.3.2 Indien die ouditeure wat deur die Kongres aangestel is se dienste om die een of ander rede tot 'n einde kom, stel die Raad plaasvervangende ouditeure aan vir 'n tydperk tot die eersvolgende vergadering van die Kongres.

23.4 Tekenmagte

Die bevoegdheid van persone om namens die Vereniging kontrakte, verhandelbare dokumente, dokumente vir die instel of verdediging van regsdinge, prokurasies en ander regsdokumente te onderteken, is soos uiteengesit in die Interne Reëls, of waar die Interne Reëls nie vir die nodige bevoegdheid voorsiening maak nie, soos besluit deur die Raad.

23.5 Aankoop, vervreemding en beswaring van bates

23.5.1 Die aankoop, verkoop en beswaring van onroerende bates mag slegs deur die Raad, en geen ander bestuursliggaam nie, gedoen word.

23.5.2 Die toepaslike bestuursreglemente bevat voorskrifte oor die bevoegdheid van bestuursliggame om finansiële transaksies aan te gaan:

23.5.2.1 waarvoor daar vooraf goedkeuring van die Raad verkry moet word;

23.5.2.2 wat deur die betrokke bestuursliggaam sonder vooraf goedkeuring aangegaan mag word, en

23.5.2.3 wat aan personeellede gedelegeer mag word.

23.5.3 Geen bestuursliggaam of personeellid mag 'n finansiële transaksie namens die Vereniging aangaan nie, behalwe indien:

23.5.3.1 dit deur die Raad goedgekeur is; of

23.5.3.2 die bevoegdheid om die transaksie aan te gaan, deur die Grondwet of 'n bestuursreglement gemagtig is; of

23.5.4 die bevoegdheid om die transaksie aan te gaan, aan die betrokke bestuursliggaam gedelegeer is.

HOOFSTUK VEERTIEN: ERFLATINGS EN/OF SKENKINGS

24. Erflatings en/of Skenkings

24.1 Aanvaarding en weiering van erflatings en/of skenkings

Die Vereniging mag erflatings en/of skenkings aanvaar of weier. Die Raad besluit of 'n erfating of skenking aanvaar of geweier word.

24.2 Beskerming en aanwending van erflatings en/of skenkings

Indien die Vereniging 'n erfating en/of skenking aanvaar, skep die Raad indien die Raad dit noodsaaklik ag die nodige finansiële en juridiese strukture om die erfating en/of skenking in belang van die Vereniging en sy lede te ontvang en aan die voorwaardes van die erfating en/of skenking te voldoen. Die Raad sien toe dat erflatings en/of skenkings behoorlik beskerm en aangewend word, en waar toepaslik, die voorwaardes van 'n erfating en/of skenking streng nagekom word.

24.3 Erflatings en/of Skenkings as Bates

Alle bates ontvang as deel van enige erfating en/of skenking word by ontvangs daarvan opgeneem in die bateregister van die Vereniging en daarna gelykmatig met alle ander bates bestuur.

HOOFSTUK VYFTIEN: DISSIPLINE

25. Dissipline

25.1 Dissiplinêre stappe teen lede

25.1.1 Gedrag van 'n lid:

25.1.1.1 wat indruis teen die Grondwet, die Interne Reëls, beleid of die gedragsreëls;

25.1.1.2 wat hom/haar skuldig maak aan 'n oortreding van jag, omgewingswetgewing en/of bewaringswetgewing en/of regulasies;

25.1.1.3 wat hom/haar skuldig maak aan die oortreding van die Wet op die Beheer van Vuurwapens en/of regulasies;

- 25.1.1.4 wat die aansien en doelstellings van die Vereniging nadelig raak; of
- 25.1.1.5 wat onbehoorlik, oneerlik, skandelik of tot nadeel van die Vereniging is, kan lei tot die dissiplinêre optrede teen sodanige lid.
- 25.1.2 Die bestuur van 'n tak kan by die Raad aanbeveel dat dissiplinêr teen 'n lid van daardie tak opgetree word.
- 25.1.3 Die Raad kan uit eie beweging, of nadat 'n klagte van enige belanghebbende persoon of instansie ontvang is, besluit om dissiplinêre stappe teen enige lid van die Vereniging aanhangig te maak.
- 25.1.4 Dissiplinêre ondersoeke teen lede word behartig deur dissiplinêre komitees, in ooreenstemming met die bepalings van die Dissiplinêre Kode.
- 25.1.5 Indien 'n dissiplinêre komitee 'n lid aan 'n dissiplinêre oortreding skuldig bevind, verwys hy die saak na die Raad, tesame met 'n aanbeveling oor die sanksie wat na die oordeel van die komitee opgelê behoort te word.

25.2 Sanksies

Die Raad kan, bo en behalwe die beëindiging van 'n lid se lidmaatskap soos voorsien in klousule 10 van die Grondwet of nadat 'n lid skuldig bevind is aan 'n dissiplinêre oortreding, een van die volgende sanksies oplê:

- 25.2.1 die lid betig;
- 25.2.2 die lid vir 'n bepaalde periode skors;
- 25.2.3 die lid se voordele van lidmaatskap vir 'n bepaalde periode inkort;
- 25.2.4 die lid as lid van 'n bestuursliggaam waarin hy dien, ontslaan; of
- 25.2.5 die lid se lidmaatskap van die Vereniging skrap.

25.3 Opskorting van lidmaatskap hangende 'n dissiplinêre ondersoek

Die Raad kan, indien 'n lid van 'n ernstige dissiplinêre oortreding aangekla is of aangekla gaan word, die lid se lidmaatskap opskort hangende die uitslag van die dissiplinêre ondersoek.

HOOFSTUK SESTIEN: WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET EN ONTBINDING

26. Wysigings aan die Grondwet en ontbinding van die Vereniging

26.1 Spesiale besluit vir wysiging van die Grondwet of ontbinding van die Vereniging

Die Kongres kan, met 'n tweederde meerderheid van aanwesige lede, 'n spesiale besluit neem om:

- 26.1.1 die Grondwet te wysig; of

26.1.2 die Vereniging te ontbind.

26.2 Prosedure vir die neem van spesiale besluite

Die prosedure vir die indiening van 'n voorstel vir 'n spesiale besluit, kennisgewing van so 'n voorstel aan die lede, die bewoording van die kennisgewing en voorgestelde besluit en die neem van die besluit, word in die Interne Reëls uiteengesit.

26.3 Spesiale besluit vir ontbinding van die Vereniging

'n Spesiale besluit om die Vereniging te ontbind, moet voorsiening maak vir die oordrag van die bates van die Vereniging, nadat die Vereniging se finansiële verpligtinge nagekom is, aan 'n bepaalde instansie of instansies binne een of meer van die volgende kategorieë:

26.3.1 'n ander entiteit wat ingevolge Artikel 30B van die Inkomstebelastingwet deur die kommissaris goedgekeur is;

26.3.2 'n openbare welsynsorganisasies ingevolge Artikel 30 goedgekeur;

26.3.3 'n instelling, raad of liggaam wat kragtens Artikel 10(1)(cA)(i) van belasting vrygestel is; of

26.3.4 die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer.

FINIS